# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**JUNIE 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _6_ bladsye.**

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 60 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 20 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**

**1.1 Bring die doodstraf terug! [50]**

**1.2 As die skoen jou pas ... Gebruik hierdie woorde in jou opstel. [50]**

**1.3 Ek sal Suid-Afika só regruk. [50]**

**1.4 Die dag toe ek 'n tatoeërmerk gekry het. [50]**

**1.5 Die reëls by my huis ... [50]**

**1.6 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en jou EIE TITEL van jou opstel neer.**

**LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.**

**1.6.1**



**[50]**

**1.6.2**



**[50]**

**1.6.3**



**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

### 2.1 INFORMELE BRIEF

Een van jou goeie maats doen nou deesdae snaakse dinge wat hom/haar in die moeilikheid kan laat beland.

Skryf 'n brief aan hierdie maat en sê vir hom/haar hoekom jy so bekommerd is oor hom/haar en verduidelik wat die gevolge van sy/haar aksies kan wees. Gee jou maat raad om hom/haar te help. **[30]**

### 2.2 DIALOOG

Julle het nou onlangs julle Matriekdans gehad. Gesels met 'n maat van 'n ander skool en vertel mekaar van julle Matriekdanse.

Skryf die gesprek in **DIALOOGVORM** neer. **[30]**

### 2.3 HULDEBLYK

'n Goeie maat van jou is onlangs oorlede. Sy/haar ouers het gevra dat jy 'n huldeblyk by die begrafnisdiens lewer.

Skryf die **HULDEBLYK** neer. **[30]**

### 2.4 TOESPRAAK

By jou agtiende verjaardagpartytjie het jy besluit om 'n toespraak te lewer om jou ouers, jou familie en vriende te bedank vir wat hulle vir jou beteken het die afgelope 18 jaar.

Skryf nou die **TOESPRAAK** neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

### 3.1 UITNODIGING

Jou ouers het jou toestemming gegee om 'n partytjie vir jou 18de verjaardag te reël. Ontwerp nou 'n uitnodingingskaartjie wat jy aan al jou vriende gaan gee om hulle te nooi na jou partytjie.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

### 3.2 POSKAART

Jou ouers se geskenk aan jou, na al jou harde werk in matriek, was om jou oorsee te stuur op 'n vakansie saam met 'n maat.

Stuur nou 'n poskaart aan jou ouers van waar ookal jy in die wêreld is. **[20]**

### 3.3 INSTRUKSIES

Jy en jou gesin gaan die naweek weg en julle kry 'n baie goeie vriend om na julle huis en troeteldiere om te sien.

Skryf nou agt instruksies neer van wat die vriend moet doen by julle huis. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE**

**SOMTOTAAL: [100]**